

Ds. A. W. C. Bester
Vredendal Wes
30 Oktober 1977

Onderwerp: Soek God op die regte plek
Nagmaal

Lees: Maleági 1 verse 1 tot 5

Teks: Maleági 1 vers 2

Sing: Psalm 311 vers 1
Gesang 100 vers 2
Gesang 105 verse 1 en 4

“In die boek Maleági ontmoet ons ’n moedelose gemeente. ’n Gemeente wat daarvan vas oortuig is dat God afwesig is. Vandag sou ons sê: ‘dat God dood is.’

“In ons tyd is dit nie ’n sensasionele stelling nie, maar in die vyfde eeu voor Christus was dit nog ’n skokkende ding om te sê. Veral onder die mense wat bekend gestaan het as die Volk van God.

“Met wat die vorige profeet (dominee) vir hierdie gemeente gesê het, het hulle blykbaar afgelei dat daar ongekende voorspoed op hulle wag. Sagaria het byvoorbeeld in sy droom gesien hoedat God Hom weer oor Israel ontferm. Die stede sal weer oorstroom word deur die goeie. God het Jerusalem uitverkies. (Sag 1:17)

“Hierdie profesië het voor die oë van die volk baie ideale opgewek. Byvoorbeeld om soos die groot ryk van Dawid weer uitgebou te word tot ’n trots en sieraad vir elke Israeliet. Van die res van Sagaria se boodskap onthou hulle nie veel nie. Net die woorde: ‘Want so sê die HERE van die leërskaar: Hy het my gestuur agter heerlikheid aan na die nasies wat julle uitgebuit het; want wie julle aanraak, raak sý oogappel aan.’ (Sag 2:8)

“Maar toe die opbouwerk begin, moes hierdie oogappel aanskou hoe die een ding na die ander misluk. Die graan word deur roes verniel. Die veë vrek vanweë droogte. Serubbabel, hulle hoop op die geslag van Dawid, verdwyn van die toneel. Die oogappel moes aanvaar en leer dat hy niks meer is as al die ander volke nie. En hulle gevolgtrekking was, as God dan die goeie verteenwoordig, dan moet Hy afwesig wees.

“En nou stuur God ’n nuwe profeet in sy Naam. Maleági word in die jaar 465 v.C. in hierdie gemeente bevestig.

“En wat ’n selfstandige gemeente. Skaars het Maleági met sy intree-preek weggeval, of die gemeente val hom in die rede. ‘Ek het julle liefgehad, sê die HERE. ... Waarin het U ons liefgehad?’ (Mal 1:2)

“Broers en Susters, hulle ignoreer die prediker en stel die vraag direk aan God: ‘Waar in het U ons liefgehad?’

“As Maleági sy intree-preek in hierdie gemeente begin met hierdie woorde: ‘Ek het julle liefgehad, sê die HERE’ - dan is daar ’n rede voor. Naamlik dat Maleági bewus was dat hierdie gemeente sê dat God afwesig is.

“Maar hoe kan God afwesig wees as Hy ’n ooreenkoms met hierdie mense het? As Hy juis met hulle ’n afspraak het? Maleági wil juis hierdie gemeente aan hierdie ooreenkoms herinner. Hulle het dit seker vergeet. Want hoe sou die gedagte ooit by hulle kon opkom dat God afwesig is? God kansleer maar nooit ’n afspraak nie. En dit is die kern van Maleági se preek.

“Hierdie mense meen dat God afwesig is, omdat hulle Hom op verkeerde plekke soek. Hulle soek Hom by die stadsmuur en sien net puinhope. Hulle soek Hom op hulle landerye en sien net meeldou en roes. Hulle soek Hom by die veëkrale en vind lammes, blindes en vrektes. Hulle soek Hom op die Effektebeurs en hoor hoe die mark geval het. Hulle soek Hom in hemelse huweliksgeluk en vind hulle name onder die lys van finale egskeidings.

“Intussen roep God uit: ‘Ek het julle liefgehad’. En as die gemeente maar net die dagkoerant en die Sondagkoerant ’n slag wil laat sak - sal hulle Hom sien. Want elke oog kan Jesus Christus sien waar Hy aan die kruis van Golgota hang. En elke oor kan daar en hier aan die Nagmaalstafel hoor as Hy bid: ‘Vader, vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie.’ (Luk 23:34) Vergeef hulle, al is hulle Romeinse soldate wat oor sy klere die lot werp. Al is hulle geleerde teoloë wat met Hom spot en sê: ‘Ha ... Laat die Christus, die Koning van Israel, nou van die kruis afkom, sodat ons kan sien en glo!’ (Mark 15:29-32)

“Elke oor kan hoor as Hy vir die egbreekster en egbreker sê: ‘Gaan heen en sondig nie meer nie.’ (Joh 8: 11) As Hy sê: ‘Dit is volbring!’ (Joh 19:30) Want Hy sê met ’n groot stem op Golgota en hier aan sy Nagmaalstafel: ‘Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê.’ (Joh 3:16)

“God sê vir ons: Ek is nie afwesig nie, intendeel!

“Maar hulle vra: Waarin het U ons lief?

“Soek die antwoord op die regte plek. So lui Maleági se intree-preek.

“Soek op Golgota. Want op Golgota word jou oë vasgevang deur die liefdesdaad van God - dat jy dit nooit weer sal vergeet nie!

“Dit is ’n betroubare Woord en werd om ten volle aangeneem te word, dat Jesus Christus na hierdie wêreld gekom het om sondaars te red, van wie ek die vernaamste is. Juis dan ervaar jy dat God se genade vir jou genoeg is en dat jy nie sterk en juis nie sterk hoef te wees nie, want sy krag word in jou swakheid volbring. Juis in vervolging, mishandeling en teëspoed word jy opnuut bewus van God en die nabyheid van God. Want as ek ly, dan is God nie vêr van my af nie. Nee! Dan hang Jesus vlak langs my aan die kruis en sê vir my: ‘... vandag sal jy saam met My in die Paradys wees.’ (Luk 23:43)

“As die teleurstellings kom, dan hoef ek nie die oneindige in te staar op soek na God nie. Nee, dan is Hy langs jou en sê vir jou: Ek het jou lief. Dan hoef jy nie uit te skreeu nie. Nee, jy kan net sê: ‘Vader’ want so het Jesus ons geleer om te bid: ‘Onse Vader’. (Matt 6:9 en Luk 11:2) Hy is daar en Hy hoor jou. Hy het ’n ooreenkoms met jou. Hy kan nie weg wees nie. Want God kansleer nooit sy afspraak met ons nie. Hy verbreek nooit sy ooreenkoms nie!

“Dit is ’n betroubare Woord. So sê Maleági, die getuie van God wat baie ervaring met die nabyheid van God gehad het. So sê die Nagmaal vanmôre vir u en vir my.

“Amen.”